



6 Augustus 2020

Geagte ouers, voogde en gr. 8- en 9-leerders en personeel

Ons is baie opgewonde dat die gr. 8- en 9-leerders op Dinsdag 11 Augustus terugkom. Baie sterkte en onthou die skool is nie dieselfde as toe julle dit aan die einde van Maart verlaat het nie. Ons het nuwe regulasies wat ons moet toepas en ons mag nie daarvan afwyk nie. Die regulasies is daargestel dat julle en die personeel veilig is. Dit is egter nie onmenslik nie en as ons daarby hou sal ons almal veilig wees.

Graag gee ek weer die basiese reëlings:

1. Leerders moet asseblief die rooster bestudeer en seker maak hulle is voorberei vir die klasse. Ons moet elke minuut benut om elke leerder volgens sy/haar potensiaal te laat presteer.
2. As jy in die oggend opstaan maak seker dat jy die aanmeldingsvorm (skanderingsvorm) voltooi. Die vorm kan van die webtuiste van die skool afgelaai word. Die vorm se naam is "Aanmeldingsdokument". Dit is regs bo die tuisblad.

Gr. 8- en 9-leerders sal ook Dinsdag die vorm by die skool kan ontvang. Indien jy van die simptome het, bespreek dit met jou ouers. As jy op enige van die vrae ja antwoord, moet jy dit met jou ouers bespreek. As jy siek is bly jy by die huis.

3. Elke leerder moet Dinsdag sy/haar eie masker saambring. Jy sal in die eerste klas twee maskers van die staat ontvang.
4. Leerders word aan die noordekant van die skool afgelaai. Die gr. 9-ouers se kinders word by die Kunssentrum afgelaai en maak gebruik van die hek by Beyers Tehuis. Die gr. 8- ouers se kinders skandeer by die skoolsaal en maak gebruik van Die Burgerhek. (Dit is die hek by die garages van die kombi's). Indien 'n ouer(s) kinders het wat by beide sale moet skandeer, moet hulle gebruik maak van die hek by Beyers Tehuis. Help asseblief met die toepassing van verkeersreëls. Geen leerders of ouers mag gebruik maak van die hekke in Courtneystraat nie. Dit gaan oor die veiligheid en toegang van ongemagtigde persone.
5. Daar word tans aan die boonste vierkant en saal se dakke gewerk. Die werk vind in die middag plaas en het nie 'n invloed op die leerders se skoolwerk nie. Leerders moet egter asseblief weg van die steiers bly.

## 6. Tye vir skandering:

- a. Onderwysers: Kunssentrum en skoolsaal: 06:45 tot 07:15
- b. Leerders Kunssentrum en skoolsaal 07:30 tot 08:20

## 7. Skooltye:

- a. Onderwysers en ander personeel meld 07:15 aan
- b. Leerders meld vanaf 07:30 aan en die skool verdaag om 13:30

**Neem kennis dat die proses byna 'n minuut per persoon neem –  
onderwysers en leerders kan dus nie op die nippertjie opdaag nie!  
Die onderwyser moet gereed wees om die 1ste leerder net na 07:15 te  
ontvang.  
Die 1ste les begin 08:30.**



## 8. Waar skandeer wie?

Gr. 8-leerders by die skoolsaal  
Gr. 9-leerders by die Kunssentrum

## 9. Verdaging.

Ons weet die leerders wil graag met mekaar kuier en wil sosiaal verkeer. Leerders moet egter asseblief nie met die verdaging saamdrom nie. Hulle moet nog steeds hulle maskers dra en sosiale afstand handhaaf. Geen fisiese kontak, soos drukkies kan toegelaat word nie.

Baie sterkte met die terugkoms na die skool. Kwaggas tree volgens hulle waardes op en daarom glo ek dat ons in staat sal wees om die uitdaging van die pandemie die hoof te bied.

Kwagga-groete

C. P. Vorster  
Skoolhoof